
BLOEMFONTEIN BAPTISTE

Datum: ______________________

# BRIEWE VIR DIE KERK

## DEEL 5: TIATIRA – SIEN SOOS GOD SIEN




----

----

----

**Openbaring 2:18-20(AFR20)** "Skryf ook aan die boodskapper van die gemeente in Tiatira: "Dit sê die Seun van God, wat oë het soos 'n vlammende vuur, en voete soos gloeiende koper, [19] " 'Ek ken jou dade en liefde en geloof en diens en volharding, en weet dat jou latere dade die eerstes oortref. [20] Maar Ek hou dit teen jou dat jy die vrou Isebel net laat begaan – sy wat haarself 'n profetes noem, en my diensknegte leer en verlei om te hoereer en om afgodsoffers te eet.

> **Kolossense 3:5-9** Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is. [6] Deur sulke dinge kom die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is. [7] Vroeër het julle ook aan dié dinge meegedoen toe julle nog daarin gelewe het. [8] Maar nou moet julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie, [9] en moenie vir mekaar lieg nie.

> **1 Petrus 5:6-9** Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het. [7] Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle. [8] Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. [9] Bly standvastig in die geloof en staan hom teë. En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde soort lyding verduur.

----

----

----

----

**Openbaring 2:21-23(AFR20)** Ek het haar tyd gegun om tot bekering te kom, maar sy weier om haar te bekeer van haar hoerery. [22] Kyk, Ek werp haar op 'n siekbed, en ook hulle wat met haar egbreuk gepleeg het, in groot verdrukking, as hulle hulle nie van haar praktyke bekeer nie. [23] En haar kinders sal Ek met die dood tref. Laat al die gemeentes daarvan kennis neem dat dit Ek is wat niere en harte deurgrond. Ek sal elkeen van julle beloon volgens julle dade.

> **Jeremia 17:10** Ek, die Here, deurgrond en toets hart en verstand, Ek laat die mens kry wat hy verdien, wat hom toekom vir wat hy doen.

----

----

----

**Openbaring 2:24-29(AFR20)** Maar vir julle ander in Tiatira wat nie hierdie leer aanhang nie, en wat nie die diepere dinge van Satan, soos hulle dit noem, leer ken het nie, sê Ek: Ek lê nie op julle 'n ander las nie, [25] behalwe net om vas te hou aan wat julle het, totdat Ek kom. [26] " 'Aan wie oorwin, en enduit vashou aan wat Ek sê, " 'sal Ek mag gee oor die nasies. [27] Hy sal hulle as 'n herder lei met 'n ysterstaf, en hulle soos kleipotte stukkend slaan. [28] Soos Ek dit van my Vader ontvang het, sal Ek aan hom ook die môrester gee. [29] " 'Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê.' "

> **Hebreërs 12:5-6(NLV)** Julle het ook vergeet van die woord van aanmoediging wat tot julle as kinders van God gerig word: "My kind, jy moet dit nie geringskat as die Here jou dissiplineer nie. Moenie ontmoedig word as Hy jou aanspreek nie. [6] Die Here dissiplineer juis die mense vir wie Hy lief is; Hy tug elkeen wat Hy as sy kind aanneem."

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*